ANGUS BUCHAN EN SY GEESGENOTE

Inleiding
Die entoesiasme waarmee Angus Buchan en sy volgelinge die biddag van 22 April in Bloemfontein, organiseer, is prysenswaardig. Daar is nogtans onderliggende faktore wat ’n mens onrustig stem en wat ernstig ondersoek moet word. Bybelse beginsels moet die deurslag gee en nie emosionele redenasies nie.

1. Dit wek kommer dat Angus bedieninge endosseer wat nie volgens Bybelse beginsels goedgekeur kan word nie.

Die feit dat Angus Buchan assosieer met Rick Joyner (Valse profesieë – Moderne Profete en NAR, www.Anderkant *die Geskeurde Voorhangsel.co.za*), Graham Power (mistieke geestelike ervarings), Dr.Dion Forster (verkondiger van ’n Kosmiese Jesus) en ander soos Rodney Howard Browne, André Roebert en ander wat die valse “Laggende Toronto Blessing” voorstaan, is dit belangrik dat ons doen wat die Woord sê en dat ons die geeste toets:
“...glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan” **(1 Joh.4:1)**.

2. Besorgdheid oor die feit dat Angus verklaar dat doktrines opsy geskuif moet word.

Deur op video te verklaar, met die Bybel in sy hand, dat doktrines vergeet moet word, verontagsaam hy wat Paulus beveel: *“**Let op** jouself en op **die leer**; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor”* (**1 Tim.4:16**, my beklemtoning**)**.
Kennis van die basies doktrines van die Bybel is die enigste ding wat ons in staat stel om dwalinge te onderskei. Paulus het hom streng uitgespreek teenoor diegene wat dinge verkondig wat met “*die gesonde leer in stryd is”* **(1 Tim.1:10-11).**
Wie moet ons glo, Paulus of Angus?
As ons nie Nuwe Testamentiese lering as maatstaf gebruik nie, hoe anders gaan ons onderskei tussen die Jesus van die Jehovah Getuies, die Jesus van William Paul Young se *Die Shack,* die kosmiese Jesus van die New Agers, die Jesus (Isa) van Islam en die Jesus van die Bybel? **(2 Kor.11:4).**
Paulus het gelowiges beveel om nie dinge te doen en te glo bo wat geskrywe is nie **(1 Kor.4:6)**, want hy het verstaan dat die hele Skrif deur God ingegee is en nuttig is “*tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus”* **(2 Tim.3:16-17).**

3. Onrustigheid oor die gemeenskaplike aspekte van Graham Power en Elizabeth Gilbert se geestelike ervarings

Tydens ’n konferensie in Pretoria, 19-23 Februarie, het Graham Power, direkteur van *Transformation Africa*, ’n beskrywing gegee van hoe hy sy visie vir die *Global Day of Prayer* gekry het.
Hy het vertel dat hy gedurende ’n mansontbyt in Stellenbosch in Februarie, 2002, waar ’n jong bekeerde gewese bendelid, gepraat het, vorentoe gegaan het op uitnodiging om die Heilige Gees te ontvang. Toe hy deur die jong man aangeraak is, het hy op die vloer

neergeval en terwyl hy voel hoe golwe soos elektrisiteit deur sy liggaam vloei, het 'n stem met hom praat.
Gedurende 'n ander geleentheid het Graham Power dieselfde eienaardige ervaring so beskryf:

> **"*I kept hearing God booming through my body, 'I am the spine, I am the head of the spine, I am the King of Kings'*(six times)*. The pain up my back felt like pins and needles and a picture of Cape Town formed around my body." "I saw God's arms reaching around the globe...*"**

(htt:p//www.virtueonline.org/cape-town-billionaire-businessman) (Andre Viljoen, *Business, South Africa,* 24/10/2013,*Special purpose for SA in God's global revival plan* — Graham Power).
(http://discernmentdirectory.com/discerningtheworld/articles/Graham-Power-Angus-Buchan-Transformation-Africa).

Graham het op hierdie mistiese ervaring gereageer en die *Global* Day *of Prayer* geïnisieer. Hy het ook verklaar dat Christene vanaf hoë plekke, soos byvoorbeeld berge, moet bid vir herlewing. Hy en 'n groep het op 27 Mei, 2007, Kilimanjaro uitgeklim om dit te doen.

Anders as wat Graham Power sê, verklaar Jesus dat die plek van aanbidding nie belangrik is nie; wat wel saak maak is om God in gees en waarheid te aanbid **(Joh.4:21-24).**

> *"Jesus sê vir haar: '...daar kom 'n uur wanneer julle **nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem** die Vader sal aanbid nie...Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid' "* **(Joh.4:21-24**, my beklemtoning**).**

Vandag is daar nog steeds mense wat glo dat sekere plekke, in terme van aanbidding, belangriker is as ander plekke.

Angus Buchan endoseer Graham Power se bediening en sê van hom: "*Graham Power has become a very special friend to me and a man whom I esteem highly...."(Endorsements of Transform your Work Life* – Graham Power).

Kom ons vergelyk Elizabeth Gilbert se geestelike ervaring met dié van Graham Power.

In haar outobiografie, *Eat, Pray, Love,* beskryf Elizabeth Gilbert wat met haar gebeur het terwyl sy in 'n Hindu Ashram in Indië gemediteer het. Terwyl sy 'n mantra[1] aanhoudend herhaal het, het sy in 'n trans gegaan en golwe soos elektrisiteit deur haar liggaam voel pols. Sy het met dié energie gepraat en gesê: *" I believe in you."* Dit het daarop gereageer en sterker geword. In haar eie woorde, beskryf sy dit so: "

[1] Die Swami, Bede Griffths, beskryf die doel van 'n mantra so: *"The repetition of a mantra is a way of opening these depths of the unconsciousness and exposing them to light"* (Bede Griffiths: The New Creation in Christ: Christian Meditation and Community, 1994,p.50)

> "*It's frighteningly powerful now,* ***like a kidnapping of the senses****.* ***It's humming up from the base of my spine.*** *My neck feels like it wants to stretch and twist....they are insistent. The pounding blue energy keeps pitching through my body, and I can hear a sort of humming sound...I am panting...To understand what that experience was...brings up a topic rather esoteric and wild – namely the subject of kundalini shakti...Every religion in the world has had a subset of devotees who seek a direct, transcendent experience with God...Generally their union with God occurs in a meditative state, and is delivered through an energy source that fills the entire body with euphoric, electric light..."* (*Eat, Pray, Love* – Elizabeth Gilbert, Bloomsbury, pp.148-150, my beklemtoning).

Sy verduidelik verder dat die Japanese hierdie energie *ki* noem, die Chinese Budiste noem dit *chi,* die Balinese noem dit *taksu,* die Islamitiese Sufi's noem dit hul "Geliefde" en die Christene noem dit die Heilige Gees.
Volgens haar het die mistiese St.Teresa van Avila 'n soortgelyke ervaring gehad wat sy as 'n fisiese opwelling van lig deur haar liggaam beskryf het en wat haar in God se teenwoordigheid laat deurbars het (*Eat, Pray, Love* – Elizabeth Gilbert, Bloomsbury, bl. 151, my beklemtoning).

Baie Christene wat die sogenaamde "val in die gees" ("slain in the spirit") ervaar het, beskryf 'n soortgelyke ondervinding wat gevoel het soos elektrisiteit wat deur die liggaam gevloei het. Dit het gepaard gegaan met rukbewegings, stemme en ekstatiese sensasies.

Miljoene oor die wêreld is deur Elizabeth Gilbert se boek en die film *Eat, Pray, Love*, waarin Julia Roberts optree, beïnvloed.

4. Hoe moet 'n mens onderskei tussen die invloed van die vlees, die werking van misleidende geeste en die werking van die Heilige Gees?

'n Mens moet gelei word deur Bybelse beginsels. Een van die belangrikste bedieninge van die Heilige Gees, is nie om gelowiges mistieke sintuiglike ervarings te laat beleef nie, maar om hulle in die volle waarheid te lei. Watter waarheid? Laat die Woord self die antwoord gee:

> ***"Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei..."*** **(Joh 16:13).**
> ***"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus"*** **(2 Tim. 3:16-17).**

Omdat selfbeheersing een van die vrugte van die Heilge Gees is, moet transagtige, veranderde toestande van bewussyn bevraagteken word **(Gal.5:23)**.
Selfbeheersing impliseer dat die Heilige Gees in volle samewerking met die wil van die gelowige sal optree. Alle openbaringe en geestelike ervarings moet in volle ooreenstemming wees met wat in die Skrif staan. Dit is hoekom Paulus die Korinthiërs gemaan het om binne die perke te bly by wat geskrywe is **(1 Kor.4:6).**

5. Die onrusbarende verhouding tussen Angus Buchan, Graham Power and Dr Dion Forster

Dr Dion Forster is aktief betrokke by Graham Power se twee projekte, **Global Day of Prayer** en **Unashamedly Ethical.**

In een van Dr Dion Forster se boeke, *Transform Your Work Life*, getuig hy en Graham Power saam oor wat God vir hulle gedoen het. Dr Forster het ook twee ander boeke geskrywe:

Christ at the centre – Discovering the Cosmic Christ in the spirituality of Bede Griffiths) en *"An uncommon spiritual path – the quest to find Jesus beyond conventional Christianity."*

In *An uncommon spiritual path* verklaar hy die volgende: "*At its core this book is a discussion of* **Fr Bede Griffiths wonderfully rich Christology**" (My beklemtoning)**.**

Bede Griffiths, Dion se mentor, was ook bekend as **Swami Dayananda** en het in Suid-Indië **gewoon** — *http://en.wikipedia.org/Bede Griffiths).*

Die volgende is 'n uittreksel uit 'n oorsig van *An uncommon spiritual path:* "*This book charts an uncommon spiritual path by examining the non-dual spirituality of* ***Henri le Saux (Swami Abhishiktananda), a French*** Benedictine ***monk in India"*** – Mobipocket (my beklemtoning).

Abhishiktananda , gebore **Henri Le Saux**, was 'n Franse monnik wat in 1948 Indië toe getrek het in die soeke na 'n meer geestelike lewe. Daar is hy beïnvloed deur Hindu leringe soos *sannyasa* en *adviate* wat veroorsaak het dat hy radikale geestelike ervaringe beleef het *https://en.wikipedia.org/wiki/Abhishiktananda).*

Sannyasa verkondig bevryding deur meditasie en ***Advaita*** is die lering dat die "self" wat in die mens is, ontdek moet word en dat dit vrede en geluk tot gevolg sal hê (*http://endless-satsang.com/advaita).*

Hierdie lering van die "self" wat ontdek moet word, is teenstrydig met wat Jesus verkondig het. In plaas daarvan om die "self" in jou te ontdek, is dit die ding wat Jesus sê wat verloën moet word :

> *"As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red* **(Luk.9:23-24).**

Vir Christene wat glo dat daar verskillende maniere is waardeur God genader kan word, het die Skrif 'n ernstige waarskuwing:

> "Elkeen wat...nie bly in die **leer (doctrine)** van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun **(2 Joh.1:9**, my beklemtoning**).**

Een van die belangrikste leringe van Jesus wat die filosofie van "baie weë" na God, weerlê, is opgeteken in **Joh.14:6**:

"Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie".

6. Onrustigheid oor ekumeniese verklarings

Die invloed van liberale assosiasies word gesien in 'n verklaring wat Angus op 'n nuuskonferensie gemaak het. Volgens *Netwerk24* het hy gesê dat mense van alle gelowe welkom is om te kom saam bid. Hy het glo verklaar dat dit 'n biddag sal wees en nie 'n Gospelbyeenkoms nie (*Netwerk24*, Nico Gous, 22 March,2017).

'n Verklaring soos dié kan baie Christene laat glo dat alle gelowe dieselfde God aanbid.

7. Die kommer dat Angus herhaaldelik die Skrif misbruik deur dit uit konteks aan te haal

'n Teks uit konteks – 2 Kron.7:14

As..." my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees".

Hierdie is gewoonlik die Skrifgedeelte wat as motivering aangehaal word wanneer gebedsbyeenkomste vir die land gereël word. Om op grond van wat in **2 kron.7:14** belowe word, te verklaar dat God ons land sal genees, is om mense met verkeerde skrifinterpretasie te mislei. In die konteks is dit die volk Israel wat aangespreek word. Nie Suid-Afrika, of enige ander land, het dieselfde verbondsverhouding met God as Israel nie. Die verbond met sy voorwaardes het betrekking op die land Israel, is uniek en eksklusief en dit is verkeerd om dit op enige ander land van toepassing te maak. In die dispensasie van die Nuwe Testament werk God nie meer met verbondsnasies nie, maar roep individue tot bekering.
So haal Angus Buchan **Jes.66:8** ook heeltemal uit konteks aan deur dit op Suid-Afrika van toepassing te maak. Die volk wat in een dag verander gaan word, is Israel wat in die tyd na die verdrukking, as volk, hul Messias sal erken.

8. Besorgdheid oor Angus se subjektiewe verklarings dat God met hom gepraat het

Volgens die Skrif het alle gelowiges die reg en die verantwoordelikheid om uitlatings te evalueer:

"Laat twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel" (**1 Kor. 14:29).**

"Ek ken jou werke...dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het" **(Open. 2:2).**

Moet ons Angus se subjektiewe uitlatings "*God spoke to me*" en sy verklaring dat God hom 'n mandaat gegee het om aan Satan te sê: "*This far and no further*" (Radio Kansel), as meer gesaghebbend te beskou as *"Dit is geskrywe?"* (**Matt.4)**

Op dieselfde uitsending verklaar hy dat as daar dames is wat troues op 22 April gereël het, hulle dit moet kanselleer en na ’n ander datum verskuif, want God het gesê dat almal op daardie datum in Bloemfontein bymekaar moet kom.

Ek het hom in ’n vriendelike e-pos gevra om aan my te verduidelik hoe God hom dié mandaat gegee het. Sy antwoord was dat dit deur sy verhouding met die Here was en deur sy sistematiese lees van die Bybel (E-pos, *Shalom trust <info@angusbuchan.co.za,* 23/3/2017).
Teen die agtergrond van die Skrif se vermaning om uitlatings te toets **(1 Joh.4:1**), sal die intimiderende gebruik van *“God het vir my gesê*” uitgeskakel moet word, want hoe kan jy bevraagteken wat God sê?

9. Besorgdheid oor geestelike afleidings wat gemaak word op grond van getalle

As Angus net ’n beroep op alle gelowiges gedoen het om op 22 April by hulle huise en kerke te bid, sou daar geen probleem mee gewees het nie, maar sy beklemtoning dat God gesê het dat dit ’n massabyeenkoms op een plek moet wees, skep ’n probleem.
Saam met Angus, bid ek en baie ander gelowiges, gedurig in ons binnekamers vir die toestand in ons land. Die vraag is nou, van ’n Skriftuurlike oogpunt beskou, is die binnekamergebed minder effektief as dié van massa byeenkomste? Jesus gee die antwoord:

> *“Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde”* **(Matt.6:6)**

10. Besorgdheid oor onbybelse verklarings dat die geeste van misdaad, moord, verkragting en korrupsie, gebind gaan word.

Die siening dat Satan en sy demone gebind kan word, word gebaseer op wat Jesus in **Matt.12:24-29** oor die bind van ’n sterk man sê. Die konteks wys dat Jesus hier deur ’n gelykenis wil verduidelik dat Hy sterker as die duiwel is en dat Hy daarom demone uit besetenes kan dryf. **Matt.12:24-29** bevat geen voorskrifte oor hoe gelowiges die duiwel of demone kan bind nie.

As Jesus die duiwel in **Matt.12:24-29** gebind het, hoe het hy losgekom om Petrus later te versoek? **(Matt.16:23).** Satan was ook nog los om Judas Iskariot te verlei **(Luk.22:3).**
Hoekom maan Petrus en Jakobus gelowiges om die duiwel te weerstaan? Hoekom het hulle gelowiges nie geleer om hom net te bind nie? **(1 Pet.5:8-9, Jak.4:7**). Verder, hoekom het Jesus die duiwel nie net gebind toe hy Hom in die woestyn probeer versoek het nie? **(Matt.4).** Die antwoord lê in **Open. 20:2**; aan die einde van die laaste dae sal God self Satan en sy trawante bind en hulle in die poel van vuur werp. Volgens God se soewereine wil is hulle nog vry om hulle bose invloed te versprei.
Ons lees, in plaas daarvan dat Jesus demone bind, Hy hulle elke keer uit besetenes uitgedryf het **(Matt.9:34, 12:24, Mark.3:15-22, 5:12, 16:9, Luk.4:4).**

Wat van Matt.18:18?

"Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees…" (Ou vertaling).

Die meer korrekte vertaling van hierdie gedeelte word in die Amplified Bible gevind en is selfverduidelikend: ***"Truly I tell you, whatever you forbid and declare to be improper and unlawful on earth must be what is already forbidden in heaven…"*** Die konteks van **Matt.18** wys dat dit van toepassing is op 'n situasie wanneer uitspraak gelewer moet word om geskille tussen broeders in die gemeente op te los; dit het niks te doen met die binding van demone nie.

Ons kan in die Naam van Jesus Christus demone beveel word om uit besetenes uit te gaan. Ons kan ook God vra om ons van die bose te beskerm **(Matt.6:13**). Ons moet egter onthou, werke van die vlees ("…*owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid, afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge*…" **Gal.5:19-21**), kan nie uitgedryf word nie; dit moet as sonde bely en van weggedraai word. Demone kan uitgedryf word, maar die vlees moet gekruisig word.

Slotsom

Die invloed van leraars wat die valse "koninkryk Nou" (Dominionism) verkondig, kan gesien word in die feit dat elke paar jaar, teenstrydig met wat Jesus sê dat Sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie **(Joh.18:16)**, probeer hulle deur menslike organisasie gestalte te gee aan die koninkryk van God en om beheer oor die bose te neem. Onder invloed van Joy Dawson en andere, was daar al jare terug die *"Taking of Cities and Towns for Jesus"* beweging. Meer onlangs was Angus Buchan, Graham Power en Elza Meyer, betrokke by die Fire Trails wat van Seinheuwel afgeskop het (6/3/2011). Herlewingsvure sou deur die land aangesteek word. Die "Woord van die Here" is toe ook oor die land uitgespreek. Vandag, 5 jaar later, het niks verander nie. So is ook 'n groot saamtrek in 2012 in Bloemfontein deur godsdiensleiers georganiseer om die Vrystaat en die land aan God te wei. Die volgende is 'n uittreksel uit een van hulle omsendbriewe:

"Dedication of the nation to Christ will facilitate evangelism, fast track answers to prayers, increase the possibilities of righteous and ethical political leaders and generally provide the spiritual infrastructure necessary for transformation. South Africa as a nation, can then be listed as a sheep nation and an official agent of Christ's coming kingdom"

(Newsletter of Institute for Christian Leadership Development,15 February 2012).

As ek terugkyk oor 40 jaar se ervaring op geestelike gebied, kan ek baie voorbeelde van profesieë en projekte op noem wat nooit gerealiseer het nie!

Ons almal wil graag verandering sien en ons almal bid vir Goddelike ingryping, maar ons moet Bybelse profesieë in aanmerking neem en ook in gedagte hou dat ons "*vreemdelnge en bywoners*" op aarde is **(Heb.11:13)** en dat ons hoop gevestig is op ons Verlosser, die Here Jesus Christus, wat met Sy wederkoms alles aan Homself gaan onderwerp **(Fil. 3:20-21).** intussen moet ons onsself geestelik voorberei vir dinge wat klaar in die Skrif aan ons geopenbaar is:

"Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang. Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van

hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, *verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God"* **(1 Tim.4:1, 2 Tim.3:1-4).**

Ns.
Angus Buchan se nuutste uitsprake

"It is not good enough to just go to your house and pray with your family" (Voorblad, *Bloemfontein Courant*, 20 April,2017).

Hierdie uitspraak ondermyn die gewone Christen se vertroue in sy eie gebedslewe!!
Wat verklaar die Woord?
Jak.5:17 - "Elia was 'n mens net **soos ons, en hy** het erstig gebid...."
Matt.6:6 - "...gaan in jou binnekamer..."
Matt.18:20 - "Waar twee of drie...."

Op video haal Angus **Jes.66:8** aan en verklaar dan dat God hierdie nasie in een dag gaan verander! Hoe misleidend! Die waarheid is dat in die konteks, dit 'n verwysing na Israel is wat na die Verdrukking hulle Messias gaan aanneem. Dit het niks met Suid-Afrika te doen nie!

Mense moet gewaarsku word oor die komende oordele van God wat oor 'n sondige wêreld uitgestort gaan word en dat redding alleen te vinde is in die aanneming van die verlossingswerk van Jesus Christus aan die kruis **(1Thess.1:10).**

Hand.17:*11* – *"En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en* ***elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was."*** (My beklemtoning).

Nick Maartens
Langenhovenpark
Bloemfontein
Sel: 0827826074
E-pos: nickmaartens@hotmail.com
Web: www.nickmaartens.co.za